

*Wat
Gebeur
Wanneer
Jy Sterf?*



Wat Gebeur Regtig Wanneer Jy Sterf?

Elke dag staar mense een van die strak werklikhede van die lewe in die gesig. Of dit nou tydens 'n geveg in die oorlog is, of te doene het met 'n ongeneesbare siekte, of bloot net ouderdom, die vraag kom onvermydelik op: Wat gebeur regtig wanneer ek sterf?

God alleen besit onsterflikheid.

(1 Timótheüs 6:15, 16)

En tog verklaar die Bybel in **Romeine 2:7** dat “*deur volharding in goeie werke*” ons mag soek na “*heerlikheid, eer en onverganklikheid...die ewige lewe;*”

Koning Dawid het in een van sy psalms geskryf omtrent die mens, “*Sy gees gaan uit, hy keer terug*”

na sy aarde toe; op daardie dag is dit met sy planne gedaan.” Psalm 146:4

Hierdie stelling van Koning Dawid is eenvoudig die teenoorgestelde van die vergelyking van lewe wat gegee is by die skepping. **Génesis 2:7** “*En die HERE God het die mens geformeer uit die stof van die aarde en in sy neus die asem van die lewe geblaas. So het dan die mens ‘n lewende siel geword.”*

Hierdie skep twee eenvoudige vergelykings.

Stof + Asem = Lewende Siel

Stof – Asem = Dood (plannelose, gedagtelose toestand)

Die wysste man wat ooit gelewe het, het gesê in **Prediker 12:7** “*en die stof na die aarde terugkeer*

soos dit gewees het, en die gees na God terugkeer wat dit gegee het.” Die gees waaroor baie praat is eenvoudig die asem.

Job 27:3 *“want my asem is nog heeltemal in my, en die lewensasem [gees] van God is in my neus”*

-Die Dood-

‘n Gedagtelose toestand van Slaap

Die Dood is eenvoudig ‘n gedagtelose toestand van slaap. Toe Sy vriend Lasarus gesterf het, was dit presies hoe Jesus na die dood verwys het. **Johannes 11:11-14** *“Dit het Hy gespreek; en daarna sê Hy vir hulle: Lasarus, ons vriend, slaap; maar Ek gaan om hom wakker te maak.*

Sy dissipels sê toe: Here, as hy slaap, sal hy gesond word. Maar Jesus het gespreek van sy dood, terwyl hulle gedink het dat Hy van die rus van die slaap spreek. En toe sê Jesus vir hulle ronduit: Lasarus is dood.”

Die dooies rus in hul grafte net soos Lasarus gerus het. Sou Lasarus regtig dit waardeer het om uit die dood opgewek te word indien hy teruggeroep was uit die Hemel?

In **Handelinge 2:34** sê Petrus, “*Want Dawid het nie in die hemele opgevaar nie...*”

Hierdie was jare na die dood van Koning Dawid wie God gesê het is 'n man na sy eie hart. (**1 Samuel 13:14, Handelinge 13:22**)

As daar enige iemand in die hemel moet wees, dan moet dit hy wees, alhoewel sy sonde erg was, was sy bekering opreg en God het hom vergewe.

Christus self het nie hemel toe gegaan toe Hy gesterf het nie. Hy het gerus in die graf tot die opstanding. Hy bevestig dit wanneer Maria Hom sien in die tuin.

Johannes 20:17 *“Jesus sê vir haar: Raak My nie aan nie, want Ek het nog nie opgevaar na my Vader nie; maar gaan na my broeders en sê vir hulle: Ek vaar op na my Vader en julle Vader, en my God en julle God.”*

Psalms 115:17 *“Die dode en almal wat na die stilte neerdaal, sal die HERE nie loof nie;”*

Psalm 6:6 herhaal, *“Want in die dood word aan U nie gedink nie; wie sal U loof in die doderyk?”*

Kan jy indink dat daar enige regverdige persoon in die Hemel kan wees en nie God aanhoudelik prys nie?

Die Skrifte verklaar dat daar geen wysheid of kennis in die graf is nie

Prediker 9:10 *“Alles wat jou hand vind om te doen, doen dit met jou mag, want daar is geen werk of oorleg of kennis of wysheid in die doderyk waar jy heengaan nie.”*

Die Dode Het Geen Deel Meer In Die Dinge Van Die Wêreld Nie

Die Bybel is baie spesifiek dat die dode geen deel meer het in die dinge van die wêreld nie.

Prediker 9:5, 6 *“Want die lewendes weet dat hulle moet sterwe, maar die dooies weet glad niks nie, en hulle het geen loon meer nie, want hulle nagedagtenis word vergeet. Hulle liefde sowel as hulle haat, ook hulle naywer, het lankal verdwyn, en hulle het vir ewig geen deel meer aan alles wat gebeur onder die son nie.”*

Job 7:9, 10 *“Die wolk verdwyn en gaan heen—so kom hy nie weer op wat*

na die doderyk neerdaal nie. Hy sal nie meer teruggaan na sy huis nie, en sy plek sal hom nie meer ken nie.”

Die dooies keer nie terug en spook by huise of gaan kuier by hulle families nie. Hierdie is demone wat die dooies verpersoonlik, en om hulle te raadpleeg, word deur God verbied.

Deuteronómium 18:10-12 *“Daar mag niemand by jou gevind word wat sy seun of sy dogter deur die vuur laat deurgaan—wat met waarsêery, goëlery of met verklaring van voortekens of towery omgaan nie, of wat met besweringe omgaan, of wat ‘n gees van ‘n afgestorwene vra of ‘n gees wat waarsê, of wat die dooies raadpleeg nie. Want elkeen wat hierdie dinge doen,*

is vir die HERE 'n gruwel; en om hierdie gruwels ontwil verdryf die HERE jou God hulle voor jou uit.”

Die Webster 1828 Woordeboek beskryf iemand wat dooies raadpleeg (Nekromansie) as – *Een wat voorgee om toekomstige gebeurtenisse te voorspel deur met die afgestorwenes te praat.*

‘n Voormalige satanis vertel die storie van ‘n spiritis priester wat gesê het, “volgens die groot meester, hoef mense nie eers die hulp te soek by die veronderstelde geestes van die dooies om hulself betrokke te maak met nekromansie nie. Geloof in lewe na die dood alleen is reeds nekromansie. Dit skep die geleentheid vir demoniese geeste om die dooies

te verpersoonlik.” (A Trip into the Supernatural – Roger Morneau pg. 60)

Dit is wat Koning Saul gedoen het na die dood van Samuel. **1 Samuel 28:6, 7** “*En Saul het die HERE geraadpleeg, maar die HERE het hom nie geantwoord nie—nie deur drome en nie deur die Urim en nie deur die profete nie. En Saul sê aan sy dienaars: Soek julle vir my ‘n vrou wat ‘n dodebesweerster is, dat ek na haar kan gaan en haar raadpleeg. En sy dienaars sê vir hom: Daar is ‘n vrou, ‘n dodebesweerster, in Endor.*”

1 Samuel 28:11 “*En die vrou vra: Wie moet ek vir jou laat opkom?*”

En hy sê: Laat Samuel vir my opkom.”

Onthou hierdie was verbied en as ‘n gruwel deur God verklaar. **Levitikus 19:31** *“Begeef julle nie tot die geeste van afgestorwenes en die geeste wat waarsê nie. Soek hulle nie om julle deur hulle te verontreinig nie. Ek is die **HERE** julle God.”*

Is Daar Hoop na die Dood?

As ons weet dat die dood soos ‘n slaap is, is daar dan enige hoop vir lewe na die dood? Die Bybel belowe die ewige lewe deur Jesus ons Verlosser.

Johannes 17:3 *“En dit is die ewige lewe, dat hulle U ken, die enige waaragtige God, en Jesus Christus wat U gestuur het.”*

Die wat Jesus aanvaar en Sy weg volg sal eendag weer lewe hê

1 Johannes 5:11, 12 *“En dit is die getuienis: dat God ons die ewige lewe gegee het, en dié lewe is in sy Seun. Hy wat die Seun het, het die lewe; wie die Seun van God nie het nie, het nie die lewe nie.”*

Ons wys ons liefde teenoor God deur Sy gebooie te onderhou.

Johannes 14:15 *“As julle My liefhet, bewaar my gebooie”*

1 Johannes 2:4 *“Hy wat sê: Ek ken Hom, en sy gebooie nie bewaar nie, is ‘n leuenaar en in hom is die waarheid nie.”*

Die wat God werklik lief het sal opgewek word tot die ewige lewe.

Daniël 12:2 *“En baie van die wat in die stof van die aarde slaap, sal ontwaak, sommige tot die ewige lewe en sommige tot groot smaadheid, vir ewig afgryelik.”*

Die Geseënde Hoop

Net soos Jesus uit die dood opgestaan het, het ons die hoop van die wederkoms van Jesus. Die wat slaap in Jesus sal opgewek word tot die ewige lewe. Paulus sê in **1 Thessalonicense 4:13-17** *“Maar, broeders, ek wil nie hê dat julle onkundig moet wees met betrekking tot die ontslapenes nie, sodat julle nie treur soos die ander wat geen hoop het nie.*

Want as ons glo dat Jesus gesterwe en opgestaan het, dan sal God ook so die wat in Jesus ontslaap het, saam met Hom bring [Grieks – weg lei]. Want dit sê ons vir julle deur die woord van die Here, dat ons wat in die lewe oorbly tot by die wederkoms van die Here, die ontslapenes hoegenaamd nie sal vóór wees nie. Want die Here self sal van die hemel neerdaal met ‘n geroep, met die stem van ‘n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan. Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees.”

Teen dié tyd sal ons liggame veranderd wees en aan ons sal die nuwe onsterflike liggame gegee word.

1 Korinthiërs 15:51-54 *“Kyk, ek deel julle ‘n verborgenheid mee: Ons sal wel nie almal ontslaap nie, maar ons sal almal verander word, in ‘n oomblik, in ‘n oogwink, by die laaste basuin; want die basuin sal weerklink, en die dode sal onverganklik opgewek word; en ons sal verander word. Want hierdie verganklike moet met onverganklikheid bekleed word, en hierdie sterflike moet met onsterflikheid bekleed word. En wanneer hierdie verganklike met onverganklikheid bekleed is en hierdie sterflike met onsterflikheid bekleed is, dan sal vervul word die woord wat geskrywe is: Die dood is verslind in die oorwinning.”*

Dit is my gebed dat indien u die angel van die dood ervaar, dat u op die uitkyk sal wees vir “*die salige hoop en die verskyning van die heerlikheid ...van die grote God en ons Verlosser, Jesus Christus,*” **Titus 2:13**

Johannes 5:28, 29
...daar kom 'n uur
wanneer almal wat in die
grafte is, sy stem sal hoor
en sal uitgaan, die wat
goed gedoen het, tot die
opstanding van die lewe,
en die wat kwaad gedoen
het, tot die opstanding
van die veroordeling.

VERTAAL DEUR



LIGHT IN DARKNESS
WWW.LIGINDUISTERNIS.COM

For more information visit
biblepicturepathways.com